



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2011

MEMORANDUM

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag verloor het nie (geen strafpunte vir misplaasde items nie). Geen dubbelpenalising word toegepas nie.
2. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
3. Tensy anders getoon is, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punte toe te ken. Indien geen + of —teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
4. Waar aangedui word, mag deelpunte toegeken word om tussen die kwaliteit van die kandidate se antwoorde te differensieer.
5. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek voor die punt toegeken word.
6. Wanneer metodepunte toegeken word maak seker dat die kandidate nie volpunte kry vir enige item wat foutief is nie.
7. Kodes: f = vreemde item, p = plasing/aanbieding

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.

VRAAG 1

- 1.1 Dui vir elke item hieronder die toepaslike kategorie aan. Kies jou antwoorde uit die opsies wat in die vraestel gegee is.**

Geen deelpunte

1.1.1	Direkte materiaal	✓✓
1.1.2	Indirekte arbeid	✓✓
1.1.3	Indirekte materiaal	✓✓

6

- 1.2 SLEEPWELL VERVAARDIGERS
PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG
30 SEPTEMBER 2011**

	TOTAAL	
Direkte/Grondstofkoste	1 250 000	
Direkte arbeidskoste ✓	640 500	✓
Primêre/ Direkte koste ✓ moet = DGK + DAK	1 890 500	✓
Fabrieksbokoste/Vervaardsigingsbokoste ✓	728 000	✓
Totale koste van produksie / TVK ✓ bewerking optel	2 618 500	<input checked="" type="checkbox"/>
Goedere-in-bewerking-voorraad op 1 Oktober 2010	45 000	
	2 663 500	
Goedere-in-bewerking op 30 September 2011/ aan einde van die jaar ✓	(38 500)	<input checked="" type="checkbox"/>
Kontroleer bewerking – werk terug van KVV met KP. Hierdie syfer moet op 'n negatiewe bedrag uitwerk – kontroleer		
Koste van produksie van klaarprodukte	2 625 000	

10

- 1 vreemde items tot 'n maksimum van -2 in die geval waar addisionele items in die PKS bygevoeg is, b.v. V&V koste, Administratiewe koste, Voltooide goedere voorraad saam met items wat daar behoort te wees

1.3.1 Bereken die direktemateriaalkoste per eenheid vir 2011.

$$\frac{79\ 050}{15\ 500} \checkmark = R5,10 \text{ of } 510 \text{ sent} \quad \boxed{\text{bewerking indien een aspek korrek is}} \\ \text{Moet nie } 5,1 \text{ sent of } R510 \text{ of } 510\% \text{ aanvaar nie}$$

3

1.3.2 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 30 Junie 2011.

$$= \frac{89\ 900}{14,50 - 8,50} \\ = \frac{89\ 900}{6} \quad \checkmark \quad \boxed{\text{Indien 6 nie voorsien is nie, kyk bo, geen deelpunte}} \\ = 14\ 984 \text{ eenhede} \quad \checkmark \quad \boxed{\text{(aanvaar 14 984 of 14 983 of 14 983,33) bewerking indien een aspek korrek is; moet nie R of sent of \% teken aanvaar nie}}$$

5

1.3.3 Behoort die besigheid tevreden te wees met die aantal eenhede wat hulle tans produseer? Verduidelik kortliks.

Ja/Nee/Tevreden/Ontevreden ✓

Verduideliking vir ja: Syfers nie nodig nie. Moet verwys na 'n vergelyking met GBP vir twee punte Hulle produseer 517/516 eenhede meer as wat nodig is om gelyk te breek (14 984 eenhede). ✓✓ Volle punte indien verduideliking ooreenstem met 1.3.2

Verduideliking vir nee:

Hulle produseer slegs 517/516 eenhede (3%) meer as die gelykbreekpunt. Hulle bedryf amper teen 'n verlies. ✓✓

Voorbeeld van antwoorde vir een punt:

- Hulle produseer genoeg eenhede
- Hulle sal 'n netto wins maak / maak amper 'n verlies
- Hulle uitgawes word gedek

3

1.3.4 Behoort sy voort te gaan met haar plan? Gee EEN geldige rede vir jou besluit.

Nee✓

Enige een geldige rede ✓✓ *deelpunte vir gedeeltelike antwoorde*

- Dit is oneties
- Hulle mag nie klante mislei nie
- Die klante sal die verskil oplet en ophou om van haar te koop – verlies van klandisiewaarde
- Gehalte word ingeboet
- Beter opleiding van werkers vir minder vermorsing

Voorbeeld van antwoorde vir een punt:

- Verkope sal afneem
- Winstes sal afneem
- Sy moet die verkoopsprys verhoog (dws bly hou by die vulsel)

3

TOTALEPUNTE

30

VRAAG 2**2.1.1 Dui aan of die stellings WAAR of ONWAAR is.**

Geen deelpunte

(a)	Waar✓✓
(b)	Waar✓✓
(c)	Onwaar / Vals✓✓
(d)	Onwaar / Vals✓✓

8

2.1.2 Bereken die korrekte banksaldo van Ace Handelaars op 30 September 2011.Aanvaar hakies in plaas van – teken Vreemde item -1 maks -2
Kan 'n T-rekening doen; Kan horisontale berekening doen

Saldo voordat die bankversoening gedoen is	R60 000	R60 000	
Verouderde ttek gekanselleer	✓2 000	✓2 000	
Bankkoste	✓ – 1 200	✓ – 1 200	
Geweierde ttek	✓ – 9 500	✓ – 9 500	
Deposito gekanseel (Omsigtigheidsreël)		-*43 000	
Korrekte saldo op 30 September 2011 bewerking indien een aspek korrek is	✓✓51 300	✓✓8 300	5

2.1.3**BANKVERSOENINGSTAAT OP 30 SEPTEMBER 2011**

-1vir swak aanbieding/ foutiewe besonderhede(maks -2)

	Debit	Krediet
Saldo soos per Bankstaat		✓ 17 600
Uitstaande tteks:		
Nr. 931	✓ 4 800	
Nr. 936	✓✓ 10 200	of 48 700
Uitstaande deposito *moet weggelaat word indien in 2.1.2		✓*43 000
-1 indien uitstaande depositos gekombineer is sonder bewerkings in hakies		✓ 5 700
Saldo soos per bankrekening sien 2.1.2 of kontroleer bewerking	✓ 51 300 of 8 300	
- 1 vreemde items tot 'n maksimum van -2 b.v. 43 000 in beide 2.1.2 en 2.1.3	66 300 of 23 300	66 300 of 23 300

-1 vir swak aanbieding / foutiewe besonderhede (maks -2)

Indien 2-kolom metode gebruik is sonder Debit / Krediet opskrifte aanvaar linker = Debit en regter=Krediet

OF enkelkolum metode OF kan met grootboeksaldo begin

Saldo soos per Bankstaat		✓ 17 600
Min: uitstaande tteks: of hakies of –teken kan gebruik word	Gaan syfers na om punte toe te ken indien Min/Plus nie getoon is nie	
Nr. 931	✓ 4 800	
Nr. 936	✓✓ 10 200	
Plus: Uitstaande deposito *moet weggelaat word indien in 2.1.2	✓ 43 000	
-1 indien uitstaande depositos gekombineer is sonder bewerkings in hakies	✓ 5 700 of 48 700	
Saldo soos per bankrekening sien 2.1.2 of bewerking	✓ 51 300	
- 1 vreemde items tot 'n maksimum van -2 b.v. 43 000 in beide 2.1.2 en 2.1.3		

7

2.1.4 Verwys na die uitstaande deposito van R43 000, gedateer 11 September 2011. Waarom behoort die interne ouditeur bekommerd te wees? Noem TWEE punte.

Twee geldige punte ✓✓✓✓ deelpunte vir gedeeltelike antwoorde

Moontlike antwoorde:

- Hierdie deposito moet op dieselfde dag op die bankstaat getoon word
- R43 000 uitstaande vir 'n ruk kan aandui dat gereelde deponering nie plaasvind nie. Oorrol van kontant en bedrog.
- R43 000 word blybaar vermis en sal die kontantvloei en likiditeit affekteer.
- Moontlike fout (b.v. foutiewe rekeningnommer) of bedrog deur die bank wat so gou as moontlik opgelos moet word
- Omsigtigheidsreël sal voorskryf dat die bedrag teruggeskryf behoort te word indien daar 'n moontlikheid van bedrog is
- Tekort aan interne beheer / skeiding van pligte
- Moontlikheid van bedrog / fout

Voorbeeld van antwoorde vir een punt:

- Dit is 'n groot bedrag geld
- Tekort aan skeiding van pligte

4

2.2

Gebruik die tabel om die verskille aan te duï wat ontdek is deur die rekening in die Krediteuregrootboek te vergelyk met die staat wat van Kairo Verskaffers ontvang is.

Skryf slegs die bedrae in die toepaslike kolom en 'n plus- (+) of minus- (-) teken om 'n toename of afname in die saldo te toon. Bereken die korrekte saldo/totaal aan die einde.

Indien ekstra inskrywings getoon is, ken punte toe maar -1 vir die vreemde item op elke reël; teken moet korrek wees om punte te verdien
aanvaar hakies vir 'n negatief

	Krediteuregrootboek van AceHandelaars	Staat van Kairo Verskaffers
Saldo	R7 910	R11 390
1		✓✓ - 3 000
2	✓✓ +500	
3	✓✓ - 90	
4		✓✓ + 6 930
5	+3 500 ✓ + 3 500 ✓ OR (+7 000)	
Saldo/Totaal	15 320	<input checked="" type="checkbox"/> bewerking, beide totale 15 320

11

TOTALEPUNTE

35

VRAAG 3**3.1**

Kies 'n voorbeeld uit KOLOM B om by die konsep met betrekking tot maatskappye in KOLOM A te pas.

3.1.1	C✓✓
3.1.2	E or D✓✓
3.1.3	A✓✓
3.1.4	B✓✓
3.1.5	D✓✓

10**3.2.1****BATEVERKOPE**

2010 Des.	31	Voertuie	✓ 235 000	2010 Des.	31	Opgehopte waardevermindering op voertuie (105 750 ✓ + 17 625 ✓✓)	<input checked="" type="checkbox"/> 123 375 Bewerking indien een aspek korrek is twee items moet opgetel wees
						<u>Debiteurekontrole✓</u>	✓90 000
						<u>Verlies met verkoop van bate / Profit & loss✓</u>	✓ 21 625
			235 000				235 000

9

3.2.2 ANEESA BPK**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2011**

	Verkope (10 500 000 ✓ – 145 200 ✓)	<input checked="" type="checkbox"/>	10 354 800
	Koste van verkope	<input checked="" type="checkbox"/>	(7 487 000)
5	Bruto wins Kontroleer bewerking, KVV moet aftrek word	<input checked="" type="checkbox"/>	2 867 800
	Ander bedryfsinkomste Kontroleer bewerking	<input checked="" type="checkbox"/>	164 660
	Huurinkomste(176 880✓ – 14 520✓✓) bewerking indien een aspek korrek is & aansuiwering in ag geneem	<input checked="" type="checkbox"/>	162 360
	Oninbare skulde verhaal	<input checked="" type="checkbox"/>	2 300
6			
	Bruto bedryfsinkomste		3 032 460
	Bedryfsuitgawes Kontroleer bewerking	<input checked="" type="checkbox"/>	(2 396 600)
	Direteursfooie (840 000✓ + 22 500✓)	<input checked="" type="checkbox"/>	862 500
	Ouditfooie	<input checked="" type="checkbox"/>	73 800
	Salarisse en lone	<input checked="" type="checkbox"/>	660 000
	Verpakningsmateriaal (23 100✓ – 4 260✓)	<input checked="" type="checkbox"/>	18 840
	Bemarkingsuitgawes	<input checked="" type="checkbox"/>	480 000
	Diverse uitgawes	<input checked="" type="checkbox"/>	63 770
	Oninbare skulde (12 000✓ + 19 200✓✓) bewerking indien een aspek korrek is & aansuiwering in ag geneem is	<input checked="" type="checkbox"/>	31 200 of 44 000
	Voorsiening vir oninbare skulde-aansuiwering (18 840 – 18 000)of (23 340 – 18 000) LW: geen deelpunte nie	<input checked="" type="checkbox"/>	840 of 5 340
	Waardeverminderingbewerking indien een aspek korrek is (17 625✓ moet sien 3.2.1+ 86 850 ✓ + 4 000✓+ 22 700✓✓) 61 050 + 43 425 vir 1 punte elk 104 475 vir 2 punte	<input checked="" type="checkbox"/>	131 175
	Verlies met verkoop van bate sien 3.2.1	<input checked="" type="checkbox"/>	21 625
26	Handelsvoorraadtekort 2 punte of nil	<input checked="" type="checkbox"/>	52 850
	Bedryfswins Bewerking indien uitgawes afgetrek	<input checked="" type="checkbox"/>	635 860
	Rente-inkomste (26 630 + 12 970) indien een aspek korrek	<input checked="" type="checkbox"/>	39 600
	Wins voor rente uitgawe /Finansieringskoste		675 460
	Rente-uitgawe/Finansieringskoste (458 000 + 804 500 – 1 125 000) moet slegs een reël merk of (1 125 000 ✓ – 458 000 ✓ – 804 500 ✓)	<input checked="" type="checkbox"/>	(137 500)
	Wins voor belasting Bewerking indien rente afgetrek	<input checked="" type="checkbox"/>	537 960
	Inkomstebelasting Aanvaar bedrag sonder geen hakie	<input checked="" type="checkbox"/>	(150 285)
10	Netto wins na belasting Kontroleer bewerking, belasting moet afgetrek word	<input checked="" type="checkbox"/>	387 675

Vreemde items –1 elk (maks –2); Ignoreer Handelsvoorraad & Voorsiening vir oninbare skulde as vreemde items
Indien rente-inkomste/rente uitgawe in twee plekke, behandel as vreemde item
Indien rente-inkomste/rente uitgawe foutief geplaas is, merk maar –1 elke keer (–2 maks)



3.2.3 Verduidelik wat jy aan die HUB sal sê.

Goed = 3 punte; bevredigend = 2 punte; swak = 1 punt; foutief = 0 punte✓✓✓

Verwagte antwoorde vir 3 punte:**aanvaar enige een geldige verduideliking**

- Dit is oneties en behoort nie toegelaat te word nie aangesien dit nie 'n geldige besigheidsuitgawe is nie.
- Dit is oneties aangesien hy sy argument gebruik om belasting te ontduike wat 'n kriminele oortreding is.
- Dit is reg as die koste van die vakansie volgende jaar van die bedrag aan hom vir direkteursfooie afgetrek word, maar hy moet belasting op die volle bedrag van die direkteursfooie betaal

Verwagte antwoorde vir 2 punte

- Dit is reg as die koste van die vakansie volgende jaar van die bedrag aan hom vir direkteursfooie afgetrek word

Verwagte antwoorde vir 1 punt

- Oneties
- Belastingontduiking
- Onwettig
- Bedrog

3

3.3.1 Verduidelik kortliks die rol van 'n onafhanklike ouditeur.

Verwagte antwoorde vir 2 punte ✓✓

- Die onafhanklike ouditeur spreek 'n mening uit oor die redelike weergawe van die finansiële state
- Rol van 'n waghond – kyk na die belang van die aandeelhouers/publiek

Verwagte antwoorde vir 'n maksimum van 1 punt

- Kontroleer die boeke
- Kontroleer die interne beheer
- Ondersoek bedrog

2

3.3.2 Het Aneesa Beperk 'n gekwalifiseerde of 'n ongekwalifiseerde auditverslag ontvang? Verduidelik kortliks jou keuse.

Gekwalifiseerde verslag ✓

Geldige verduideliking vir 2 punte ✓✓

Moet die tekortkoming noem om 2 punte te verdien. Deelpunte vir gedeelte antwoord

Die audit opinie het 'n voorwaarde uitgespreek waardeur dit die auditverslag gekwalifiseer het in verband met die tekortkoming / uitsondering (rakende bemarkingsuitgawes wat nie geverifieer kon word nie en wat ondersoek moet word).

3

3.3.3 Die onafhanklike ouditeur voel dat hy nie sy werk behoorlik sal doen as hy tot die versoek van die HUB instem nie. Verduidelik waarom hy so voel.

Verduideliking oor die professionalisme van 'n ouditeur ✓✓

enige een geldige verduideliking; deelpunte kan toegeken word

- Die onafhanklike ouditeur behoort aan 'n professionele liggaam en moet by die standaarde daarvan hou deur sy pligte deeglik uit te oefen.
- Die kontroleer van dokumente is 'n belangrike aspek.
- Hy spreek 'n opinie uit oor die redelike weergawe en die uitgawes is nie redelik aangebied nie.
- Sy integriteit word bevraagteken aangesien die hantering van hierdie uitgawe oneties is
- Deursigtigheid / verantwoordbaarheid is twee belangrike beginsels van sy professionele rol

2

Noem TWEE moontlike gevolge vir die ouditeur indien hy tot hierdie versoek instem.

Gevolge ✓✓✓

enige twee aparte en verskillende gevolge, kan in een sin geplaas word (kontroleer) deelpunte kan toegeken word

- Hulle kan gedissiplineer / beboet / geskors word
- Hy kan gearresteer word (vir bedrog)
- Hulle kan gederegistreer word/ van die rol geskrap word
- Hulle kan deur die aandeelhouers aangekla word (verantwoordelik gehou word), indien gevind word dat hulle nalatig in hulle dienste was
- Hy kan klante verloor

4

TOTALE PUNTE
80

LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 4**4.1**

Dui aan waar elk van die volgende items in die Balansstaat geplaas sal word deur die antwoord uit die lys in die vraestel te kies.

4.1.1	Bedryfslaste	✓✓
4.1.2	Niebedryfsbates	✓✓
4.1.3	Bedryfsbates	✓✓
4.1.4	Bedryfslaste	✓✓

8

4.2**BEHOUE-INKOMSTENOTA OP 28 FEBRUARIE 2011**

-1 vir vreemde items (maks -2)

Behoue inkomste aan die begin van die jaar	423 000
<u>Netto wins na belasting</u> ✓ <small>Moet nie NW voor belasting aanvaar nie</small>	✓ 714 245
Dividende ✓	(588 000)
Tussentydse dividende betaal	✓✓ 396 000
Finale dividende verklaar	✓✓ 192 000
Behoue inkomste aan die einde van die jaar <small>bewerking dividende afgetrek Indien enige een syfer korrek is</small>	<input checked="" type="checkbox"/> 549 245

8

4.3**REKONSILIASIE TUSSEN NETTO WINS VOOR BELASTING EN KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYWIGHEDE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2011**

Vreemde items -1, maks -2

Netto wins voor belasting	1 020 350
Aansuiwerings as gevolg van:	
Waardevermindering✓	✓ 203 000
Rente-uitgawe✓	✓ 86 400
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	1 309 750
Kontanteffekte deur veranderinge in bedryfskapitaal	40 655
Verandering in voorraad	27 000
Verandering in handels- en ander ontvangbare bedrae/debiteure ✓	✓✓* (490 000)
Verandering in handels- en ander betaalbare bedrae creditors✓	✓✓* 503 655
<small>*Indien syfer korrek is maar hakies verkeerd ken een punt aan syfer toe</small>	
Kontant uit bedrywighede gegenereer	<input checked="" type="checkbox"/> 1 350 405 <small>bewerking indien enige een aspek hierbo korrek is</small>

11

4.4 ZIPHO BEPERK**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2011**

Bewerkinge mag as T-rekeninge getoon word vir dividende, inkomstebelasting en vaste bates

Indien items foutief geplaas is, ken die punte toe, maar -1 elke keer vir foutiewe plasing, maks -3

Kontantgevolge uit bedryfsaktiwiteite bewerking indien een aspek korrek is	<input checked="" type="checkbox"/> 621 700
Kontant deur bedrywighede gegenereer sien 4.3	<input checked="" type="checkbox"/> 1 350 405
Rente betaal	(86 400)
396 000 tweekante ✓ Dividend betaal (57 700 ✓ + 588 000 <input checked="" type="checkbox"/> sien 4.2 – 192 000 ✓) OF (-57 700 - 588 000 <input checked="" type="checkbox"/> sien 4.2 + 192 000) teken moet korrek wees, merk slegs een reël bewerking indien een aspek korrek is	<input checked="" type="checkbox"/> (453 700)
✓ Inkomstebelasting betaal (306 105 ✓ – 48 500 ✓ – 69 000 ✓) OF (- 306 105 + 48 500 + 69 000) teken moet korrek wees, merk slegs een reël bewerking indien een aspek korrek is	<input checked="" type="checkbox"/> (188 605)
12	Uitvloei/invloei moet korrek wees om metode punt op die finale syfer te verdien
Kontantgevolge uit beleggingsaktiwiteite bewerking indien een aspek korrek is	<input checked="" type="checkbox"/> 831 500
Aankoop van vaste bates (203 000 ✓ + 2 790 000 ✓ + 1 250 000 ✓ – 3 824 500 ✓) (–203 000 - 2 790 000 - 1 250 000 +3 824 500) bewerking indien een aspek korrek is moet as uitvloei getoon wees	<input checked="" type="checkbox"/> (418 500)
✓ Opbrengs van verkoop van vaste bates moet as invloei getoon wees	✓ 1 250 000
8	
Kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite	613 900
Opbrengs uit uitgerekteaandele	963 900
Terugbetaling van langtermynlening	(350 000)
Netto verandering in kontantekwvalente bewerking van bo tot onder of van onder na bo	<input checked="" type="checkbox"/> 2 067 100
Kontantekwvalente – begin van jaar	✓✓(912 100)
Kontantekwvalente – einde van jaar	3 1 155 000

4.5.1 Bereken die verdienste per aandeel vir 2011.

$$\frac{714\ 245}{600\ 000} \checkmark \times \frac{100}{1}$$

= 119,04 sent of R1,19 bewerking indien een aspek korrek is
Moet nie R119 of 1,19 sent of 'n % teken aanvaar nie

Kandidaat kan nie volle punte verdien nie indien 'n vreemde bedrag ingesluit is (verloor metode punt op antwoord)

3

4.5.2 Bereken die netto batewaarde per aandeel vir 2011.

$$\frac{1\ 800\ 000 + 131\ 400}{600\ 000} \checkmark + \frac{549\ 245}{100} \checkmark \times \frac{100}{1}$$

$$= \frac{3\ 662\ 625}{600\ 000} \times \frac{100}{1}$$

= 610,4 sent of R6,10 bewerking indien een aspek korrek is

Kandidaat kan nie volle punte verdien nie indien 'n vreemde bedrag ingesluit is (verloor metode punt op antwoord)

4

4.5.3 Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding vir 2011.

$$500\ 000 \checkmark : 3\ 662\ 645 \checkmark \text{sien 4.5.2}$$

= 0,1 : 1 bewerking indien een aspek korrek is moet in formaat x : 1 wees met skuld eerste
Kandidaat kan nie volle punte verdien nie indien 'n vreemde bedrag ingesluit is (verloor metode punt op antwoord)

3

4.6 Die direkteure is baie gelukkig met die verbetering van die likiditeit van 2010 tot 2011. Haal DRIE toepaslike finansiële aanwysers aan vir albei jare (werklike verhoudings of syfers) om hul mening te staaf.**Finansiële aanwysers (werklike verhoudings of syfers):**

Aanhaal van relevante aanwysers

Enige drie geldige verhoudings of syfers vir albei jare

Bedryfsverhouding: Dit het verander van 0,8 → 1,8 (verbeter met 1:1)

Vuurproefverhouding: Dit het verander van 0,6 → 1,5 (verbeter met 0,9 : 1)

Debiteure-invorderingstermyn: Dit het verminder van 32 dae → 28 dae (verbeter met 4 dae)

Indien kandidate addisionele irrelevantne aanwysers verskaf, soek vir die korrektes in die antwoord voorsien deur die kandidaat en ken punte toe. Vir die wie meer as 3 opsies voorsien Straf van -2 maks vir elke irrelevantne aanwysers (maks -2). Moenie voorraadomsetsnelheid en krediteure-betalingstermyn aanvaar nie.

6

4.7 Lewer kommentaar op die prys waarteen die nuwe aandele op 1 Maart 2010 uitgereik is. Sal die direkteure en aandeelhouers hiermee tevreden wees? Verduidelik, deur toepaslike syfers uit die vraag aan te haal.

Mening Nee ✓

Enige twee geldige verhoudings of syfers ✓✓
Aanhaal van relevante aanwysers ✓✓

Verwagte antwoord:

- Hulle het die aandele teen 160 sent onder die markwaarde verkoop (510 sent in vergelyking met 670 sent)
- Hulle het die aandele teen 93 sent onder die NBW verkoop (510 sent in vergelyking met 603 sent)
- Die huidige aandeelhouers word benadeel (afwatering van NBW). Hulle kon baie meer ingevorder het as hulle teen heersende markwaarde verkoop het (dws ten minste 'n verdere R302 400, 160 sent x 189 000 aandele).

Nie relevant om met pariwaarde van R3 te vergelyk nie

5

4.8 Die direkteure het gedurende die jaar beduidende besluite geneem wat die kontantsaldo's geaffekteer het. Noem DRIE hiervan deur in elke geval syfers uit die Kontantvloeistaat aan te haal. Noem waarom elk van hierdie besluite 'n belangrike effek op die toekomstige uitslae van die maatskappy sal hê.

Spesifieke besluite moet genoem word, nie algemee kontantvloeい kwessies nie

Besluit geneem(haal syfers aan) Besluit✓✓✓ Syfers✓✓✓	Effek op die maatskappy in die toekoms Effek✓✓✓
Grond en geboue / vaste bates is verkoop, R1 250 000	vermindert kapitaalgroei of inkomste verdieningspotensiaal / verloor op toekomstige waardetoevoeging / minder onderhoud aan geboue / hoër huur uitgawe / vervang geboue teen hoër koste in die toekoms / kontant meer bruikbaar as 'n ongebruikte gebou
Die oortrokke bankrekening van R915 100 aan die begin van die jaar is terugbetaal	met'n positiewe banksaldo aan die einde van die jaar van R1 155 000 geëindig / noemenswaardige verbetering in likiditeit / minder rente-uitgawe
Lenings is terugbetaal, R350 000	nie voordeel getrek uit positiewe geratheid nie (vergelyk OTKA met rentekoers), verminder risiko / verbeter skuld:ekwiteitsverhouding / minder rente om te betaal
Toerusting van R418 500 (sien 4.4) is aangekoop	nuwe toerusting mag meer doeltreffend wees/ meer produktief
Addisionele aandele is uitgereik, R963 900 / 189 000 aandele uitgereik	verbeter kontantvloeい maar water verdienste af / daar is slegs 150 000 aandele te verkoop volgens huidige gemagtigde aandelekapitaal
Dividende betaal R453 700	dit behoort aandeelhouers gelukkig te hou – positiewe effek op aandeelprys en kan tot meer kapitaal in die toekoms lei

9

TOTALEPUNTE

80

VRAAG 5**5.1****Stel 'n Debiteure-invorderingskede vir November 2011 op.**

	Krediet-verkope	November-invorderings
September	R 63 000	✓✓18 900
Oktober	✓60 750	Indien 40% van krediet-verkope <input checked="" type="checkbox"/> 24 300
November	58 500	✓✓14 625
TOTAAL	bewerking	<input checked="" type="checkbox"/> 57 825

8**5.2****Bereken die syfers wat deur A–E in die Kontantbegroting aangedui is.**

A	39 190 ✓
B	15 970 ✓✓ geen deelpunte
C	20 250 ✓✓ geen deelpunte
D	$\frac{\checkmark \checkmark \checkmark}{81 000 \times \frac{100}{150} \times \frac{1}{2}}$ 27 000 <input checked="" type="checkbox"/> indien een aspek korrek is
E	25 650 <input checked="" type="checkbox"/> indien 95% van D

11

5.3

Bereken die gemiddelde debiteure-invorderingsperiode (in dae) vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2011.

$$\begin{array}{r} 79\ 500 + 83\ 500 / 2 \text{ geen deelpunte vir aparte syfers nie} \\ \underline{81\ 500} \checkmark \checkmark \quad X \quad \underline{365} \quad = 41,3 \boxed{\checkmark} \text{ bewerking indien een aspek korrek is} \\ 720\ 000 \quad \checkmark \checkmark \quad \quad \quad 1 \end{array}$$

Verduidelik of Alfred met hierdie invorderingsperiode tevrede behoort te wees. Gee EEN rede vir jou mening.

Ja/Nee✓

Geldige rede afhangende van berekening✓✓

Deelpunte vir gedeeltelike antwoord Deelpunte

Moontlike rede:

- Debiteure hou nie by die (30 dae) krediettermes nie. Die invorderingstermyn is dus nie goed nie.
- Alhoewel hulle nie by die 30 dae krediettermes hou nie, word dit verwag dat die meerderheid van hulle hul rekeninge binne 60 dae sal betaal

8

5.4

Verwys na die Debiteure-ouderdomsontleiding. Alfred voel dat hy probleme met die beheer oor debiteure ondervind. Gee kortlik TWEE verskillende redes waarom hy so voel. Identifiseer die probleem debiteur(e) in elke geval.

Rede✓✓✓✓

Naam(e) ✓✓

Enige twee geldige verskillende punte

- Twee debiteure oorskry die kredietlimiet van R15 000 (D Scott of C Ntuli)
- Drie debiteure neem langer as krediettermes van 30 dae (D Scott of P Raj of N Mpo)
- Een debiteur, het blybaar verdwyn (P Raj)

6

5.5 Bereken die persentasie verhoging in salarisse en lone in Desember 2011.8% ✓✓ **geen deelpunte**

**Een van die werknemers, Mona Lott, is nie gelukkig met hierdie verhoging nie.
Noem TWEE punte in antwoord op haar klagte.**

Antwoord vir Mona Lott: ✓✓ **enige twee geldige antwoorde: 1 punt elk**

- Vergelyking met inflasiekoers
- Verkope neem elke maand af
- Ekonomiese neem af. Sy is gelukkig om 'n werk te hê
- Uitgawes is meer as inkomste vir die afgelopen twee maande
- Daar is nie baie geld in die bank nie
- Oorweeg bedrag van onttrekings deur eienaar (kan slegs Nov onttrekings bereken)

4**5.6 Verduidelik wat jy aan Alfred sal noem oor elk van die volgende items aan die einde van Oktober, en gee in elke geval EEN punt van raad:**

Kommentaar ✓✓✓✓

Raad ✓✓✓✓

Moet nie enkele woorde aanvaar nie bv goed, swak vir 'n verduideliking / moet nie toename / afname aanvaar nie

	KOMMENTAAR AAN ALFRED	RAAD
Advertensies	Die uitgawe is dieselfde as die begroting / goed beplan	Hulle moet dit oorweeg om die adverteeringsbegroting te vermeerder (aangesien die verkoopstyls afneem) / behou goeie beheer oor hierdie item in die toekoms.
Diverse uitgawes	Gunstige verskil (werklike minder as begroting). Effektief en goed gekontroleer.	Behou beheer oor diverse uitgawes / ken individuele uitgawes aan aparte rekeninge vir nog beter beheer / kontroleer dat diverse uitgawes korrek opgeteken is / begroot vir kleiner bedrag in die toekoms.
Telefoon	Noemenswaardig oorspandeer (werklike meer as begroting).	Ekstra beheer benodig/ onnodige (privaat) oproepe wat nie i.v.m. besigheid is nie, moet vermy word / telefoonkodes / kontroleer of begroting realisties is.
Huurinkomste	Noemenswaardig laer as begroot (werklike minder as begroting) / Begroting was onrealisties hoog.	Ondersoek tekort bv. swak invordering, huurder is weg, ens. om die probleem op te los / huurders kan debietorders teken / stel 'n huurinvorderaar aan / vorder rente op stadige betalers.

8

TOTALE PUNTE

45

VRAAG 6**6.1.1 Waarvoor staan die letters EIEU?**

Eerste-In-Eerste-Uit ✓✓ geen deelpunte aanvaar 'n geldige verduideliking b.v. voorraad eerste gekoop word voor voorraad wat later gekoop is, verkoop

2

6.1.2 Bereken die waarde per fiets voorhande op 1 Julie 2010.

R4 000 ✓✓ geen deelpunte

2

6.1.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2011 volgens die EIEU-metode.

R756 000 ✓ + R247 500 ✓✓
= R1 003 500 bewerking indien een aspek korrek is

4

6.1.4 Bereken die bruto wins op 30 Junie 2011.

Aanvaar 'n Handelsrekening vir bewerkinge

Beginvoorraad	✓	R240 000
Aankope(2 606 000 ✓ – 22 500✓)		R2 583 500
Eindvoorraad sien 6.1.3	<input checked="" type="checkbox"/>	(1 003 500)
Koste van verkoope		(R1 820 000)
Verkope	✓	R3 037 500
Bruto wins bewerking	<input checked="" type="checkbox"/>	R1 217 500

OFKVV = 240 000 ✓ + 2 606 000✓ – 22 500 ✓ - 1 003 500 = 1 820 000

Verkope = ✓3 037 500

Bruto wins ✓1 217 500

OF 240 000 950 000 630 000

KVV (60 x 4 000) ✓ + (250 x 3 800) ✓ + (140 x 4 500) ✓✓ = 1 820 000

Verkope = ✓3 037 500

Bruto wins = ✓1 217 500

6

6.1.5 Wat sal jy, as interne ouditeur, aan Steve en Bongi sê? Noem TWEE punte.

Enige twee geldige kommentaar: ✓✓✓✓ Deelpunte vir gedeeltelike antwoorde

Verwagte antwoord:

- Fietse is spesifieke / duureenhede en modelle verander – dit is meer gesik om spesifieke kospryse aan spesifieke voorraaditems te hê, wat EIEU meer gesik maak
- EIEU waarde is meer presies / akkuraat
- Besluit moet nie gebaseer wees op wat makliker is of wat /op minder belasting uitwerk nie. Hulle moet die mees gepaste metode kies / moet nie winste manipuleer nie (oneties).
- Die besigheid moet by die bestaande metode hou om vergelykbaarheid oor jare te verseker tensy daar 'n baie geldige rede vir verandering is, wat nie in hierdie geval waar is nie.
- Albei Steve en Bongi is verkeerd m.b.t. hulle redes. EIEU behels meer optekening aangesien individuele kospryse aan spesifieke fietse geheg is. Bongi is verkeerd want die situasie m.b.t. winste/verliese sal elke jaar verander afhangende van die voorraadwaardes.
- Oor die langtermyn maak dit nie veel saak watter metode jy gebruik nie (wins sal uiteindelik dieselfde wees)

4

- Kry toestemming van SAID

6.2

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak en haal syfers aan om die probleem te ondersteun. Gee in elke geval raad aan Doctor Zulu oor hoe om die probleem op te los.

Elke kommentaar: tweepunte; aanhaal van syfers: een punt; raad: twee punte.
Syfers moet op inligting in die vraag gebaseer wees

TAK	KOMMENTAAR	RAAD
Riverside Syfers ✓ Kommentaar✓ Raad✓✓	Nalatigheid van bestuur / diefstal vind plaas. Daar is 18 bromponies vermis (90 – 72). Verlies in winste van R72 000. OF Waarde van tekort van R135 000 / Moet nie Advertensies aanvaar nie aangesien verkope hoër is as die ander takke	Verbeter interne beheer / neem gereelde voorraadopnames. Vusi moet verantwoordbaar wees (inbetaal) / installeer sekuriteitskamera
Valley View Syfers ✓ Kommentaar ✓ Raad ✓✓	Die bromponies verkoop nie goed nie / in lae ekonomiese gebied geleë. Slegs 75 uit die 300 is verkoop. OF Al het Vusi baie geadverteer 40 000 / R25 000 meer as Riverside, was dit nie effektief nie. OF Voorraad sal verouderd / voorraad word oud, 225 bly oor. OF Hy het 'n verlies van R100 000 op die besikbare syfers gemaak as gevolg van lae verkope	Doktor Zulu moet Vusi kry om meer effektief te adverteer. OF In plaas daarvan om bestuurders 'n vasgestelde maandelikse inkomste te betaal, moet hy hulle 'n kommissie volgens hulle verkope betaal. OF Beperk aantal voorraad voorhande aangesien dit tot diefstal of uitgedateerde voorraad kan lei (voorraadophoping). OF Sluit die tak OF Plaas voorrad oor aan Mountain Rise tak
Mountain Rise Syfers ✓ Kommentaar ✓ Raad ✓✓	Alhoewel Melanie die meeste op advertensies spandeer het R60 000, het dit nie tot goeie verkope geleei nie. Sy het vier keer meer geadverteer maar verkoop slegs die helfte van Vusi OF Haar advertering is baie doeltreffend dat dit geleei het tot die uitverkoop van al 190 eenhede voorraad. OF Swak bestuur / Sy bestel nie genoeg voorraad nie en het geen voorraad (Nil), oor nie. Die klante kan dalk na andertakte gaan vir hulle bromponies.	Die bestuurder se advertensie-strategie moet heroorweeg word. OF In plaas daarvan om bestuurders 'n vasgestelde maandelikse inkomste te betaal, moet hy hulle 'n kommissie volgens hulle verkope betaal. OF Bestel meer voorraad om aanvraag te bevredig om te verhoed dat klante na ander takke/ mededingers gaan. OF Verkry voorraad van alle takke om die tekort aan voorraad aan te spreek.

12

TOTALEPUNTE

30

TOTAAL: 300